# KOMMUNIKAMMA 27 JUNIE 2021

**Kontakpersone, indien jy meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:**
Jou blokouderling of -diaken
Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
Ds MG van Rooyen: 041-3600665; 083 413 7100; mgvanrooyen@telkomsa.net

**<u>TEKS van die WEEK</u> (Ps 103:15-18)**
[15]Die mens, sy lewensduur is soos dié van gras, soos dié van 'n veldblom wat oopgaan: [16]as die woestynwind daaroor waai, is dit weg en sy plek vir altyd leeg.
[17]Maar onverganklik is die liefde van die Here vir dié wat Hom dien, sy trou vir opeenvolgende geslagte, [18]vir dié wat getrou bly aan sy verbond en sy voorskrifte nakom.

**<u>SAKE vir GEBED:</u>**

- Dank die Here dat Hy al ons gebede hoor en verhoor.
- Gert Harmse, Nico Nell en Riëtte Jonker is in die hospitaal.
- Doré Grobler kry chemo.
- Die derde vlaag Covid-19 het met geweld toegeslaan. Ons gemeente loop ook deur en ons bid ernstig vir volkome genesing vir 'n aantal gemeentelede. Bly bid vir alle gesondheidspersoneel.
- Almal wat besig is met toetse en eksamens.
- Dat almal wat nie die Here ken en dien nie, 'n lewensveranderende ontmoeting met die lewende Here sal ervaar.
- Buig laag voor die Here en smeek Hom om vir ons te seën met reën. Hy is die enigste Een wat vir ons uitkoms kan gee.
- Bid vir ds Du Toit Wessels en sy vrou Odette. Hy het die beroep aanvaar en begin op 1 Augustus by ons.
- Ons land se president en leiers het baie gebed en leiding nodig. Bid dat hulle regverdigheid, eerlikheid, wysheid, insig en integriteit aan die dag sal lê in al hulle besluite. Daar is 'n hele paar omstrede stukke nuwe wetgewing op die tafel oor oa grondonteiening en godsdiensvryheid wat baie negatiewe gevolge kan hê.
- Die brood en werknood is baie ernstig by Kleinskool. Dankie vir almal wat hulp aanbied. Elke bietjie help.
- Mense wat hartseer, alleen en siek is in aftree-oorde, hospitale en tuis.

**There4-bedieninge se gebedsversoek vir die week:**
Bid saam met Gerrit en Janine dat die Heilige Gees hulle as instrumente sal gebruik tydens hulle besoek aan die Midde-Ooste. Loof die Here vir die deure wat Hy reeds vir hulle oopgemaak het.

**<u>EREDIENSTE IN DIE KERKGEBOU</u>**
Die hou van eredienste is onderhewig aan al die Covid regulasies. Daar mag nou net **50 persone** per erediens in die kerkgebou wees.
**Indien jy 'n erediens wil bywoon, kan jy die volgende skakel gebruik om die aanlyn vorm te voltooi.**
**https://forms.gle/p7mpVSBnHeYdRYuZ8. Ons versoek dat jy die vorm voor Vrydag 12:00 sal voltooi.**
**Jou bespreking verseker jou van 'n plek in die eredienste.**
**<u>Neem asb. kennis dat dit nie 'n vereiste is om plek te bespreek nie, maar dat persone wat bespreek het toegelaat sal word en die wat opdaag net toegelaat word tot ons die getal van 50 bereik. Indien daar meer mense eredienste wil bywoon, sal ons oorweeg om weer 2 eredienste te hou.</u>**
Ons versoek hoë risiko persone om nie die dienste in die kerkgebou by te woon nie. Indien jy enige griepsimtone toon, bly asb ter wille van jou eie en ander se veiligheid by die huis.
Digitale dienste het gekom om te bly en sal, soos altyd, beskikbaar gestel word.

**<u>PROGRAM VIR DIE WEEK:</u>**

**<u>Sondag 27 Junie</u>**
**09:00 EREDIENS**
https://youtu.be/NyCEHjW6CgU Skakel gerus op Youtube kanaal in as jy die lewendige uitsendings wil volg. Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook op jou eie tyd daarna kan gaan kyk.
Die huisgeloof, 'n gesprek riglyn rondom die tema van die erediens, is op die gemeente se webwerf beskikbaar.
**Tema van Erediens:** Wie is die grootste Christen?
Ons deurdankoffer gaan vir MTR Smit Kinderoord.

**10:00 KATEGESE**
Kategese by die kerkgebou vir graad 1 - 6. Covid protokol is in plek en ons sal alles in ons vermoë doen om die jongmense veilig te hou. Graad 7 - 11 kategese vind by ouerhuise plaas.

**<u>Maandag 28 Junie</u>**
**12:45 GEMEENTEBIDUUR**
Ons hou Maandae 'n gebedsgeleentheid in die konsistorie, maar ook via Zoom. Almal is welkom. Kontak Niekie indien jy wil saam bid of 'n gebedsversoek het.

**<u>Dinsdag 29 Junie</u>**
**Voedselhulp aan PE-Noord**
Ons help weekliks ongeveer 30 gesinne met kospakkies en ander benodighede. Dankie vir elkeen se ondersteuning.
**Behalwe vir die skenkings van kos en klere ontvang, is reeds meer as R210 000 gebruik om kos aan te koop. Kontant donasies kan in ons kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord.**
Skenkings kan hierdie week op Dinsdag by Piet en Sonja Spies (Cassialaan 82) afgelaai word. U kan meer inligting op ons webblad kry of vir Sonja Spies (084 516 4925) kontak.

**<u>Woensdag 30 Junie</u>**
**KERKKANTOOR**
Die kerkkantoor sal elke Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop wees. **Geen persoon sal sonder 'n masker toegelaat word nie**. Volg asb die regulasies.

**<u>Vrydag 2 Julie</u>**
**05:00 MANNEGROEP**
Die mannegroepbyeenkoms zoom die volgende paar Vrydae. Die besonderhede word op die manne se WhatsApp groep uitgestuur. Indien jy wil deel word van die groep, kontak vir Frans vir meer besonderhede by sel: 082 773 6205.

**<u>Sondag 4 Julie</u>**
**09:00 EREDIENS**

**10:00 KATEGESE**
Kategese by die kerkgebou vir graad 7 - 11. Covid protokol is in plek en ons sal alles in ons vermoë doen om die jongmense veilig te hou. Graad 4 - 6 kategese vind by ouerhuise plaas.

**<u>BOURESERWEFONDS</u>**
Ons geboue is ook 'n getuienis dat ons God se fontein van liefde is. Die kerkkompleks benodig groot opknappingswerk soos bv verf, facia's, oorhange, geute ens. Die totaal van die herstel- en opknappingswerk beloop na raming baie naby aan 'n miljoen rand. Die werk sal oor 'n tydperk aangepak word soos fondse beskikbaar raak.
Baie dankie vir die baie groot anonieme bydraes wat ons ontvang het. Verbeterings aan die Gazaniastraat pastorie word reeds gedoen.
Ons weet dit is moeilike tye vir baie van ons, maar as die Here vir jou geseën het, oorweeg dit asb biddend of jy nie kan help om weer die Bou- en verbeteringsfonds te versterk nie. Oorweeg dit asb ook om in jou erflating 'n paar rand aan die fonds na te laat.

**VERJAARSDAE**

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

27 Junie Deon van der Mescht
28 Junie Leonie de Jager en Nicole Strydom



1 Julie Geo Crouse, Ericka Landman en Janke van Huysteen
2 Julie Edward Dreyer, Louria Moller, Soné Muller en Malan Roelofse
3 Julie Marietjie Havenga en Shane Thompson

**DANKOFFER**

Die derde maand van ons nuwe finansiële jaar is verby en ons kon ons finansiële verantwoordelikhede, met 'n klein surplus, nakom. Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae. Ons versoek u om steeds die Here met u finansiële offer van dankbaarheid te bly dien. Die dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.

Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091
Takkode 632005